

Ons Erediens

NG Gemeente Wonderpark



**Gesinserediens saamgestel deur:
Dr. Ernst Endres – 07 Februarie 2021**

1. VOTUM

Ek het U baie lief, Here,
my Sterkte.
³Die Here is my rots,
my skuilplek en my redder,
my God, my rots, by wie ek skuil,
my skild en sterk verlosser,
my veilige vesting.

2. SEËNBEDE

³Genade en vrede vir julle van God ons Vader en die Here Jesus Christus,
⁴wat Homself vir ons sondes gegee het om ons te verlos
uit hierdie goddelose wêreld en
so die wil van God ons Vader te volbring.
⁵Aan God kom die heerlikheid toe tot in alle ewigheid! Amen.

3. LOFLIED: MAJESTEIT

Majesteit, glansryke heerlikheid
Ons wil Jesus die Koning, hulde bewys !
Majesteit hemelse heerlikheid
Straal van Sy troon tot waar ons woon ons wil Hom prys !
Kom ons loof, kom ons besing die naam van Jesus !
Kom ons loof, kom ons aanbid die Here ons God !
Majesteit, heilige heerlikheid !
Hy het gesterf, ons heil verwerf Hy het oorwin !



4. SKRIFLESING EN GEBED

Teks: Ps 113

Tema: Wie is soos ons God?

Inleidend.

- Psalm 113-118 staan as die Egiptiese Psalms bekend en in hierdie Psalms word die lof (hallal) van God by elke Joodse feesgeleentheid besing.
- Psalm 113 het vermoedelik sy oorsprong in die tydperk na die Uittog uit Egipte en herdenk die verlossing uit Egipte en die Babiloniese ballingskap.
- Jesus en sy dissiples het hierdie lied tydens die laaste Paasmaal gesing, net voordat Jesus geskruisig sou word (Matteus 26:30).
- Hoekom moet die lof van God besing word? Die antwoord vind ons in verse 5 en 6, "Wie in die hemel of op die aarde is soos die Here ons God. Hy woon hoog en Hy sien alles hier onder."

1. DIE UNIEKE NAAM VAN "YAHWEH" MOET BESING WORD. (PSALM 113:1-3)

"Prys, dienaars van die Here,
prys die **Naam** van die Here!

²Die **Naam** van die Here moet geloof word, nou en vir altyd.

³Van waar die son opkom tot waar dit ondergaan,
moet die **Naam** van die Here geprys word!"

In hierdie drie verse word die naam van die Here besing. Die naam openbaar die karakter van die werkswyse van die een wat besing word. Kyk na die voorbeeld van een van die Engelse konings wat as "Richard, the Lionheart" bekend gestaan het. Hy was 'n groot militêre leier wat teen die Franse geveg het en daarna met kruistogte na Jerusalem begin het om Jerusalem van die Moslems te bevry.

Wanneer Moses na die naam van die Here vra, antwoord die Here, "Ek is wat Ek is". Sy naam is "Yahweh". God openbaar homself op verskillende wyses in die geskiedenis:



- **Yahweh Jireh.** Toe noem Abraham die plek: “Die Here voorsien”. (Genesis 22:12–14)
- **El Shaddai.** “Ek het aan Abraham, Isak en Jakob verskyn as God die Almagtige, maar my Naam, die Here (Yahweh), het Ek nie aan hulle bekend gemaak nie.” El Shaddai is die Almagtige wat help, versorg, voorsien en vervul. (Eksodus 6:3)
- **Yahweh Rophe.** “Dan sal Ek geeneen van die siektes waarmee Ek Egipte getref het, oor julle bring nie, want dit is Ek, die Here, julle Geneesheer, wat julle gesond hou.” (Eksodus 15:25–26)
- **Yahweh Nissi.** Moses het ’n altaar gebou en dit genoem: “Die Here is my banier” (OV). Verder het Moses gesê: “Dit is die gedenkteken vir die oorwinning wat die Here gee. (Eksodus 17:8–16)

Van Gemenen skryf, “The ‘name’ of the Lord was to be proclaimed so that each generation might remember what he had done and how he had revealed himself.”

2. DIE HERE IS HOOG VERHEWE. (PSALM 113:4-6)

In hierdie verse word die uniekheid, die heerlikheid en die almag van die Here besing. Die sleutelgedagte is die woord “verhewe”. Hy woon hoog bo die aarde en die hemele en Hy heers oor die nasies en die hemele:

- **God is hoogverhewe en heers oor die nasies en die hemele**

“Hoog bo al die nasies heers die Here,
Sy mag (eer, heerlikheid en almag) strek selfs oor die hemele”.

- **God wat hoogverhewe is, daal af om die hemele en die aarde te ondersoek.**

“Wie in die hemel of op die aarde is soos die Here ons God,
wat hoog woon en hier onder alles sien?”

3. DIE HOOGVERHEWE GOD DAAL NEER OM DIE VERWORPENES IN DIE SAMELEWING OP TE HEF. (PSALM 113:7-9)

In hierdie verse word die genade van God beklemtoon. Die hoogverhewe God daal neer om die hemele en die aarde te ondersoek. Hy sien die verworpenes raak en hef hulle op uit hulle haglike omstandighede. Dieselfde woord wat vir “hoogverhewe” in



verse 4-6 gebruik word, word ook nou hier gebruik om die verworpenes uit hulle haglike omstandighede “op te hef”. Psalm 113 maak van twee voorbeelde gebruik om na die verworpenes in die samelewing te verwys:

1) **Die armste van die armes op die vullishoop. (Psalm 113:7,8)**

Die armste van die armes het jy gewoonlik by die vullishoop net buite die mure van Jerusalem gevind. Die vullishoop was aan die suid-ooste kant van Jerusalem en die stadspoort wat daarheen gelei het, het as die vullispoort bekend gestaan (Nehemia 3:14). Die afval van die daaglikse tempeldiens is hier op ‘n hoop gegooi en verbrand. Dit het onder andere uit die velle, die vleis, die kop en pote, die binnegoed en die pensmis van die bulle bestaan (Levitikus 4:11). Verder is die vullis van die stad, wat die mis van kamele ingesluit het, hier gegooi en aan die brand gestee. In die Nuwe Testament word na hierdie vullishoop as Genenna (hel) verwys, die plek waar die vuur nooit geblus word nie. Die winde het die stank en rook weggewaai van die stad. Dis hier waar jy die geringes (maerstes) en die armste van die armes van Jerusalem gekry het:

- **Klere.** Hulle het van die velle probeer herwin om klere te maak;
- **Kos.** Hulle het van die verbrande vleis wat oorgebly het, geëet;
- **Hitte.** Hulle het hier in die winter gewoon vir hitte;
- **Inkomste.** Hulle het van die kameelmis met droë gras gemeng wat hulle vir vuurmaak (charcoal) verkwansel het!

2) **Die eensaamheid van onvrugbare vroue. (Psalm 113:9)**

Vrugbaarheid is as ‘n seën van die Here beskou en as jy onvrugbaar is, het die Jode geglo dat die vloek van die Here op so ‘n vrou rus. Toe Abimelek Sara deel van sy harem gemaak het, het God sy harem met onvrugbaarheid getref. Eers toe Abraham vir hom gebid het, is die vrugbaarheid van sy harem herstel (Genesis 20:17). Onvrugbaarheid het jou status in die samelewing bepaal:

- Mans het die reg gehad om van hulle onvrugbare vrouens te skei en dan moet die vrou terugkeer na haar ouerhuis waar sy as ‘n uitgeworpene behandel is;
- Ander lede van die harem het onvrugbare vrouens gewoonlik met minagting behandel omdat hulle nie swanger kon word nie. Hagar het Sara geminag omdat sy nie swanger kon word nie (Genesis 16:3-6). Rebekka was lank kinderloos voordat ‘n tweeling verwek is (Genesis 25:21).
- Die status van onvrugbaarheid word mooi beskryf in die verhaal van Hanna. Ons lees in 1 Samuel 1:5-10 die volgende oor die hartseer verhaal van ‘n onvrugbare vrou:



⁵Alhoewel hy (Elkana) vir Hanna liefgehad het, kon hy vir haar elke keer net een deel gee, want die Here het haar kinderloos laat bly. ⁶Dan het die ander vrou haar baie **gespot en verneder** omdat die Here haar kinderloos laat bly het. ⁷So het dit jaar vir jaar gegaan: elke keer as Hanna in die huis van die Here gaan offer het, het Peninna haar gespot, sodat sy gehuil het en nie wou eet nie. ⁸Dan sê haar man Elkana vir haar: "Hanna, waarom huil jy? Waarom eet jy nie en waarom is jy hartseer? Is ek nie vir jou meer werd as tien seuns nie?" ⁹Op 'n keer ná die offermaaltyd in Silo het Hanna opgestaan terwyl die priester Eli op sy stoel langs die deurkosyn van die tempel van die Here gesit het. ¹⁰Sy was bitter hartseer en terwyl sy tot die Here gebid het, het sy onbedaarlik gehuil.

WAT DOEN GOD AAN DIE UITGEWORPENES VAN DIE SAMELEWING?

- **Die hoog verhewe God daal neer in ons haglike omstandighede.**

Dis hier waar God neerdaal om die verworpenes van die samelewing te ontmoet. Hy gaan sit saam met die armste van die armes op die vullishope van die lewe en langs die kinderlose vrouens om met hulle hartseer en bitterheid te deel. Ons lees in Psalm 113:5 en 6

⁵⁻⁶Wie in die hemel of op die aarde is soos die Here ons God, wat hoog woon en hier onder alles sien?

In Johannes 1:14-18 lees ons dat Jesus in ons menslike swakheid kom tent opslaan het, sodat ons die heerlijkheid, die oorvloedige genade en die hart van God, ons Vader, in ons haglike omstandighede kan beleef,

"Die Woord het mens geword en onder ons kom woon. Ons het sy heerlijkheid gesien, die heerlijkheid wat Hy as die enigste Seun van die Vader het, vol genade en waarheid. ¹⁶Uit sy oorvloed het ons almal genade op genade ontvang. ¹⁸Niemand het God ooit gesien nie. Sy enigste Seun, self God, wat die naaste aan die Vader is, dié het Hom bekend gemaak."

- **Die hoog verhewe God gee aan die uitgeworpenes nuwe sin en betekenis.** Hy kom sit by die armste van die armes en Hy verhef hulle uit hulle haglike omstandighede. Die geringe help Hy op uit die stof, die arme laat Hy van die



ashoop af opstaan (Psalm 113:7). Aan die verbitterde onvrugbare vrou skenk hy 'n huisgesin (Psalm 113:8).

- **Die hoog verhewe God gee aan die uitgeworpenes nuwe lewensvervulling en nuwe toekomsdrome.**

Die armste van die armes word van die vullishope van Jerusalem opgehef en hulle ontvang nuwe status. Hulle word nou die prinse van Jerusalem (Psalm 113:8). Die onvrugbare vrou word die gelukkige moeder van kinders (Psalm 113:9)

SAMEVATTEND:

WIE IS SOOS ONS GOD?

- Van waar die son opkom tot waar hy ondergaan moet die naam van die Here geloof en geprys word;
- God is hoogverhewe en Hy heers oor al die nasies en sy mag strek selfs oor die hemele;
- God, wat hoogverhewe is, daal af tot in ons menslike swakheid en gee aan die uitgeworpenes nuwe status en 'n nuwe toekoms;
- Psalm 113 besing die verhewenheid van God, wat terselfdertyd ook bereid is om so laag te daal dat Hy homself identifiseer met die armes op die ashope en die onvrugbares van die samelewing.
- Inderdaad,

“Wie in die hemel of op die aarde is soos die Here ons God,
wat Hoog woon en hier onder sien?” (Psalm 113:5,6)

5. SLOTLIED: HALLELUJA - Leonard Cohen

Met net een woord het God gespreek.

Die lig wat deur die donker breek,
'n heelal is volmaak end it is goed.

Die eng'le het 'n lied gesing

Om aan die Skepper eer te bring.

Die klanke is van hemelse akkoorde.

Halleluja, hallelujah, hallelujah, hallelujah.



En nou staan ek voor U, o Heer,
Met al my lag en al my seer,
Die deure van my hart staan oop vir Jesus.
Vir U wil ek my lied ook sing,
Om my Verlosser eer te bring,
Die klanke is van hemelse akkoorde.
Halleluja, hallelujah, hallelujah, hallelujah.

6. SEËNBEDE:

²Mag die Here u gebed verhoor
op die dag van nood,
mag die Naam van die God van Jakob
u beskerm.

³Mag Hy u te hulp kom
uit die heiligdom,
u bystaan uit Sion.

⁴Mag Hy al u graanoffers onthou
en u brandoffers aanneemlik vind. Sela

⁵Mag Hy u gee wat u hart begeer
en al u voornemens laat geluk.

⁶Ons sal juig oor u oorwinning
en in die Naam van ons God
die vaandels ontplooi.

Mag die Here alles gee wat u vra.

7. OFFERGAWE

Ons gee nou geleentheid vir julle dankoffer.

U as gesin kan EFT, of snapsan of via payfast in betaal.



NG Wonderpark.
Absa Tjekrekening 1460165489
Takkode:632005
Verwysing: Dankoffer

